## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**Woensdag 12 November**
'n klompie ribburgers te maak
@ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op
***Maandag 9 November***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181
of Pieter 082 923 1384
of 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.




# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 38 Sondag 9 November 2025
*Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste,Kategese en Huis Eikelaan.**
**Ouderling:** Wyk 1 **Koos Nortjé** en wyk 2 **Klaas Wyma**
**Diaken:** Wyk 1 e 2 **Zurich Terblanche**
**Skinkbeurt:** Wyke 8 en 9: Susters **Ina Roos en Marli Nortjé**

**EREDIENSTE** Albei eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Woordbediening:** 2 Korintiërs 1:1-11 (AFR'20).
**Fokusvers:** 2 Korintiërs 1: 8-11.
**TEMA:** ***Bly hoop op God wat dooies opwek tot die lewe, selfs al gaan dit so swaar dat jy hoop op lewe verloor.***
**Sing:** Psalm 88: 1 (melodie Skrifberyming 4-8, asb.); Psalm 9: 1, 14; Psalm 73: 12; Psalm 77: 2; Psalm 42: 3, 5.
**Sing met meelewing:** Psalm 121: 4.

**AAND Woordbediening:** Eksodus 32.
**Fokusvers:** Eksodus 32: 31-32.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 5.
**TEMA:** ***Growwe sondes het ernstige gevolge totdat God op die regte tyd sy genade gee.***
**Sing:** Psalm 102: 1; Psalm 30: 1, 8; Psalm 6: 3; Psalm 30: 3; Skrifberyming 19-3 [25]:1, 2, 3 (melodie Psalm 134, asb. na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir Teologiese Hulpfonds. Volgende week – *Uitdra van Evangelie*
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

**EREDIENS : HUIS EIKELAAN**

Vanmiddag Sondag 9 November sal DV **prof Francois Viljoen** van die TSP om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur ouderlinge **Koos Nortjé** en **Klaas Wyma**.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Susan Coetzee** het die afgelope week drie prosedures by twee verskillende hospitale in Pretoria ondergaan. Ons dank ons hemelse Vader vir sy groot genade en die gunstige uitslag, alhoewel dit nog nie die einde van die pad is nie en daar opvolgbehandelings nodig is. Die Angiogram wat Prof Callie Maandag ontvang het, was geslaagd en die kardioloog het dit nie nodig geag om 'n stent in te sit nie. Hy kon Dinsdag ontslaan word. Ook daarvoor kom al die lof en dank ons troue Verbondsgod toe.

*Ons wil ons diepste dank en grootste waardering uitspreek vir al die meelewing en gebede wat ons die afgelope tyd en veral die afgelope week uit die gemeente kon ontvang. Dit was vir ons 'n bevestiging van die woorde van 1 Kor 12: 26 oor die eenheid van die gemeente: "...as een lid ly, ly al die lede saam". Dit is wonderlik om soveel liefde en meelewing in die huisgesin van God, te beleef. Aan Hom al die eer.*

*Baie dankie. Prof Callie en Susan.*

**Magda Pelser-van der Merwe** het Donder-dag weer 'n besoek aan die oftalmoloog by die Ooginstituut in Pretoria gebring nadat haar sig sedert Saterdag baie verswak het, die drukking in haar regteroog het verhoog en sy het 'n skerp brandpyn in haar oog en konstant koppyn rondom die oog. Ons verseker haar en Theo en Ina van ons voorbidding vir hulle.

**Hendra Bouwsema** het ook Donderdag 'n opvolgbesoek by die onkoloog gehad, en ons is saam met haar, Pieter en Anja dankbaar die vir gunstige uitslae.



**Magda VIljoen** het Donderdagmiddag 'n opvolgbesoek by die onkoloog gehad. Toe die afkon-digings voorberei is, was die uitslae van haar besoek nog nie bekend nie. Ons verseker Magda, Hennie en ook Carina van ons voorbidding vir hulle as gesin.

Ons is saam met **Nelis en Dina Coetsee** bly dat dit met hulle kleindogter, Douline, goed gaan na die groot operasie wat sy Sondag ondergaan het. Ons gebed is dat die behandeling wat nou vir Douline volg, ook ryklik geseënd mag wees.

**Japie van Jaarsveld** het Woensdag 'n afspraak met die dokter nagekom, en hy moet op 26 November weer 'n afspraak nakom waartydens 'n prostetiese apparaat geaktiveer sal word.

**Ronel Erasmus** het Woensdag 'n afspraak met die gastroenteroloog gehad. Ons is saam met sr. Ronel en br. Danie baie dankbaar dat dit die oordeel van die dokter is dat medikasie op hierdie stadium voldoende sal wees en dat geen chirurgie nodig is nie. Ons bede is dat die behandeling ryklik geseënd sal wees.

Ons verseker **Mandie de Klerk** van ons voorbidding vir hulle as familie. Mandie se skoondogter is verlede week met melanoomkanker gediagnoseer en moet in die komende week ingrypende chirurgie onder-gaan. Ons bid vir u as familie om die vrede van ons Here.

## VERJAARDAE/HERDENKINGS GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Ma | 10/11 | **Saartjie Badenhorst**, Wyk 3 |
| Di | 11/11 | **Pieter Aartsma**, Wyk 9 |
| Do | 13/11 | **Fanie Coetzee.** Wyk 13 |
| Sa | 15/11 | **Marian Roscher**, Wyk 8 |
| | | **Johan Coetzee**, Wyk 8 |

**Sing met meelewing:** Psalm 121: 4

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 09/11 | 15:30 | Erediens: Huis Eikelaan prof FP Viljoen | Kapel |
| | | 19:00 | Diakonie vergader | Konsistorie |
| | | | Ondervraging met die oog op belydenisaflegging | Bovertrek |
| Di | 11/11 | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | Rooi sitkamer |
| Wo | 12/11 | 09:30 | **RIBBURGERS** | Kerksaal |
| | | 17:30 | Promosieplegtigheid | Teol Skool |
| So | 16/11 | 09:30 | Voorbereidingdiens | |
| | | 19:00 | Kerkraad en Diakonie vergader | Kerkgebou |
| Di | 18/11 | 09:00 | Streeksinode Noordwes | GK Potch |
| So | 23/11 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente –ete** | |
| So | 30/11 | 11:00 | Kersprogram | Kerkgebou |

| KATKISASIE | Sondag 9 November | Sondag 16 November |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 22 | Les 23 (afsluiting) |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Les 22<br>Psalms 47:1<br>Sondag 22<br>Twaalf Artikels | Les 23 (afsluiting)<br>Psalms 47: 1<br>Sondag 23<br>Twaalf Artikels |

**Bybelstudie Huis Eikelaan**

- Bybelstudie Dinsdag om 15:00 in die rooi sitkamer by Huis Eikelaan. Almal welkom.
- Woensdagaand se Bybelstudie is uitgestel

**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.



**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

## Huweliksherdenkings

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Dinsdag 11 November is **Nico en Sarie Spaumer** 58 jaar getroud en

Woensdag 12 November is **Pieter en Brechtje Jooste** 14 jaar getroud. Baie geluk aan die twee egpare.




**Sondag 16 November om 15:30 Miederpark NG-kerk**

Kersfees-Vreugde --- Jesus: Hoop en Lig vir die Wêreld

Potchefstroomse Mannekoor o.l.v. Hilde Roos

met sopraan Marguerite van Wyk

Klokkiespel deur Moira van der Merwe asook Orrelspel, Trompet en Fluit. 'n Massa-mannekoor deur manne van Potchefstroom, Carletonville en omgewing en die kinderstemme van die Sterretjies.

Kaartjies R 120 en R 60 (Skoliere en Studente) beskikbaar by Klaas Wyma en Rudy van der Spoel

**WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2025** **WEEKLIKSE GEBEDSPUNTE**

www.opendoors.org.za

## 22 LAOS

**CHRISTELIKE BEVOLKING**
224 000 (2,9%)
**MEEDERHEIDSGELOOF**
Boeddhisme
**VERVOLGINGSTELLING** 74 (-1)




### BID ASSEBLIEF

- Bid dat God gelowiges wat uit hul dorpe verdryf is, sal help om ʼn veilige plek te vind om te woon en te aanbid.
- Bid vir genesing vir die families van pastore en ander kerkleiers wat vermoor is.
- Bid vir die Here se beskerming oor Christene wat deur die kommunistiese owerhede dopgehou word.

"Bid asseblief vir ons dat ons eendag kan terugkeer huis toe. Die lewe hier is baie moeilik vir ons. As dit God se wil is dat ons hier moet woon, sal die toestande waarin ons leef moet verbeter."

Huang (naam verander) se huis is aangeval en sy familie is uit hul dorpie in die noorde van Laos verdryf.

www.opendoors.org.za

Beste lidmaat
Alle godsdienstige aktiwiteite, selfs dié van geregistreerde kerke, word baie streng deur die kommunistiese owerhede in Laos dopgehou. Alle byeenkomste moet by die administrasie aangemeld word. Dit dwing huiskerke om in die geheim te funksioneer, aangesien dit as "onwettige byeenkomste" beskou word. Ongeveer 75% van die Lao Evangelical Church (LEC)-gemeentes wat deur die regering goedgekeur is, het nie permanente kerkgeboue nie en hou eredienste in huise.
Christen-bekeerlinge staar ernstige regskendings in die gesig. Hulle word beskou as buitestaanders van die Boeddhisties-animistiese gemeenskap en beleef druk en geweld van hul gesinne en die plaaslike owerhede. In landelike gebiede, waar drie generasies Christene dikwels onder een dak saamleef, is die druk veel erger. Plaaslike owerhede en godsdienstige leiers kan die gemeenskap teen bekeerlinge aanhits, wat daartoe lei dat hulle uit hul dorpe verban word.

Geopende Deure

**FRONTLINIE GELOOF**

**Vervolg Maar nooit alleen.**

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362



# VAN DIE SUSTERS

## SOMERFEES

Wat 'n geseënde dag was dit nie! Saamkuier, saameet en saamlag het elkeen wat die Somerfees bygewoon het, so goed gedoen!
Baie dankie aan elkeen wat ʼn bydrae gemaak het tot die sukses van die Somerfees, dit maak nie saak op welke wyse nie!
Om so geseënd te wees om ʼn wins van meer as R30 000 te kan maak, is eerstens Genade uit ons Hemelse Vader se hand, maar ook die heerlike samewerking van elke lidmaat wat betrokke was!
Daarvoor wil ek graag vir elkeen ʼn opregte dankie sê.
Omdat almal altyd wil weet hoe hulle tafels gedoen het, plaas ons dit hier: Gebak en Naaldwerk: R6 160,00

Pannekoek: R2 222,00
Kinderpret: R1 843,00
Kerrie en Rys: R5 235,00
Poeding: R995,00
Witolifanttafel: R1 163,00
Worsbroodjies/pap: R2 575,00
Totaal vir Verkope op die dag: R20 193,00

Die res was skenkings.
U is ook welkom om aanbevelings te maak om die Fees te verbeter.

**Streeksinode**
Die 18de Nov vind die streeksinode DV hier in ons kerkgebou plaas en ons moet die manne van verversings voorsien. Dit sluit in iets met aankoms, middagete, koffie en ʼn wegneemkospakkie.
Steek asb jou hand op as jy die dag vantevore en die 18de vir ons sal kan kom help.

**Nagmaalete**
Dan het ons ook nog die laaste Nagmaalete van die jaar, waarvoor Groep 3 verantwoordelik is. Dit is wyke 2, 3, 4 en 6.

***Groete Alta***